

24 Desember

Lukas 2: 8 -15

(Teks: 2: 15) Die Herder in die krip

"...die skaapwagters sê vir mekaar: "Kom ons gaan reguit Betlehem toe..."

Kersfees bring elke ware Christen-gelowige se lewe op dreef. In ons gees, geloof, aanbidding, eer en blydschap bring dit ons op dreef na Betlehem toe. Na Jesus Christus, ons Verlosser toe. Dit is wat die en-gel se geboorteberig aan die skaapwagters daar in die veld gedoen het. Dié goeie tyding kon hulle nie by hulle vuurtjie laat stilsit nie. "Kom ons gaan Betlehem toe," het hulle vir mekaar gesê.

Hierdie skaapwagters, so sê van die ou Joodse geskrifte, het die tempelkudde opgepas. Dit is dié skape en lammers wat in die tempel geoffer moes word. Hulle gaan toe haastig na Jesus se geboorteplek... daar in die stal. Hulle sien Josef en Maria. En daar in die krip, daar sien hulle die Kindjie. Hulle sien in Hom soveel meer as 'n pasgebore babatjie. Hulle sien in Hom wat die engel van Hom gesê het. Die Verlosser! Die Christus! Die Here! Hulle sien in Hom, die saligheid is in niemand anders nie, as in Hom alleen. Skaapwagters vanaf die veld kyk daar in die krip vas in Hom wat later van Homself gesê het "Ek is die goeie herder. Die goeie herder lê sy lewe af vir die skape."

Hierdie Herder in die krip is ook vir hierdie herders van die veld gebore. Hulle sien nou in Hom die waarheid en vreugde van hulle goeie tyding. Ook vir julle is Hy gebore!

Wat help 'n brief, sonder 'n adres aan wie dit moet gaan? Wat help 'n goeie tyding, sonder iemand om dit te ontvang en met jou te deel? Wat help 'n Herder sonder 'n kudde?

Nee - hierdie Herder hét 'n kudde! Hy maak hulle vir Hom bymekaar. Hy versorg hulle. Die lammers maak Hy in sy arms bymekaar en Hy dra hulle teen sy bors. Hy versorg die ooie! Só is elkeen van ons se lewe van sonde sy adres. Hy soek ons in sy tere liefde en dra ons son der verwyte terug na die veiligheid van sy verlossing vir ons. 'n Goeie tyding vir ons, nie waar nie? Miskien ontvang u dit hierdie Kersfees net betyds!

Sing Psalm 23:1

Ds. P. du Plessis (Drieviersboom)